**TOM NEWBY SCHOOL**

**Kwartaal 4**

**Formele Assessering**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Addisionele Taal** | **Eksaminator** | **Mev. PE Theron** |
| **Datum** | **November 2022** | **Totaal** | **40 Punte** |
| | | **Tyd** | **1 uur 30 min** |
| **Graad** | **4** | **Moderator** | **Mev. M Steyn** |
| **Spesiale instruksies/ toerusting** | **Instruksies**<br>• **Lees jou vrae goed deur.**<br>• **Moenie enige oop spasies los nie.**<br>• **Skryf netjies en leesbaar.**<br>• **Geen woordeboeke mag gebruik word nie.** | | |
| **Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.** | | | |

**Naam: ___________________________ Van: _______________________ Graad 4: _____**

**Hierdie vraestel bestaan uit:**

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 1:** | **Literêre / nie-literêre teks** | **(15)** |
| **Vraag 2:** | **Visuele teks** | **(10)** |
| **Vraag 3:** | **Opsomming** | **(5)** |
| **Vraag 4:** | **Taalstrukture en -konvensies** | **(10)** |




**Vraag 1: Literêre/ nie-literêre teks:** **[15]**

Lees die teks deur en beantwoord die vrae wat volg.

**<u>Die Khumalo-gesin</u>**

Mnr. en mev. Khumalo het met twee kinders, Sipho en Londiwe, op 'n plaas gewoon. Mev. Khumalo en Londiwe het elke Woensdag vars brood gebak en die hokke skoongemaak. Die Songezo, De Bruin en Mahlangu gesinne het graag by die

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

Khumalo gesin gekuier. Die kinders het na die hoenders en eende gekyk. Mnr. Khumalo het beeste en skape aangehou.

Eendag het die gesin piekniek gehou wat bestaan het uit kaas, aartappelskyfies en vleis toe 'n vreeslike ongeluk gebeur het. Die groen trekker se remme het onklaar geraak en stadig teen die berg begin afloop. Mnr Khumalo het hard geskree om sy gesin te waarsku. Die trekker het oor die kos tot in die dam geloop. Die gesin het die trekker probeer stop, maar het ook in die dam beland.

Mnr Khumalo het die beeste gebruik om die trekker uit die dam te trek. Almal was bly dat niemand seergekry het nie.

Geskryf deur: PE Theron

Aantal woorde: 150

**Vrae**:

**1.1.** **Omkring** die letter langs die korrekte antwoord. **(1)**

Wat is die **titel** (naam) van die storie?

A) Plaas

B) Die Khumalo-gesin

C) Piekniek

D) Gesinslewe

**1.2.** **Omkring** die letter langs die korrekte antwoord. **(1)**

Wie het twee kinders gehad?

A) Mnr. en mev. Khumalo

B) Mnr. en mev. Songezo

C) Mnr. en mev. De Bruin

D) Mnr. en mev. Mahlangu

**1.3.** Is die volgende sin **Waar** of **Vals?** **(1)**

Die Khumalo-gesin woon op 'n plaas. ______________________

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**1.4** Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? **(1)**

Mev Khumalo en Londiwe het elke dag brood gekoop. __________________

**1.5.** Op **watter dag** van die week bak Mev. Khumalo brood? **(1)**

______________________________________________________________

**1.6.** **Hoeveel** gesinne het graag by die Khumalo-gesin gekuier? **(1)**

______________________________________________________________

**1.7.** Watter **kleur** is die trekker? **(1)**

______________________________________________________________

**1.8.** **Waarna** kyk die kinders op die plaas? **(1)**

______________________________________________________________

**1.9.** Watter **diere** hou Mnr. Khumalo aan? **(1)**

______________________________________________________________

**1.10** **Watter** kos was daar by die piekniek? **(1)**

______________________________________________________________

**1.11.** **Wie** het hard geskree? **(1)**

______________________________________________________________

**1.12.** **Waarom** het Mnr Khumalo sy gesin gewaarsku? **(1)**

______________________________________________________________

**1.13.** **Waarmee** trek hulle die trekker? **(1)**

______________________________________________________________

**1.14.** Is almal **bly** of **hartseer** aan die einde van die storie? **(1)**

______________________________________________________________

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**1.15.** Het jy van die storie gehou? **Gee ’n rede vir jou antwoord.** **(1)**

____________________________________________________________

**Totaal Vraag 1 [15]**

**Vraag 2: Visuele teks** **[10]**

Kyk na die prent en beantwoord die volgende vrae.



**2.1.** Wat is **in** die glas? **Omkring** die letter van die antwoord wat jy kies. **(1)**

A) Milo

B) Koffie

C) Melk

D) Water

TOMBOOL SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**2.2.** Kies die **kleur** van die vark? **Omkring** die letter van die antwoord wat jy kies. **(1)**

A) Pienk

B) Wit

C) Bruin

**2.3.** Is die volgende sin **waar** of **vals**? **(1)**

Die gans lê teen die boom. ____________________

**2.4.** Is die volgende sin **waar** of **vals**? **(1)**

Die skoenlapper is geel. ______________

**2.5.** **Omkring** die regte antwoord. **(1)**

Watter tipe dier sien jy in 'n hok met sy kop uit lê?

A) voël B) hond C) vark

**2.6.** **Hoeveel** klein kuikentjies het die hoender hen? **(1)**

_______________________________________________________________

**2.7.** Watter rooi **vrugte** hang aan die boom? **(1)**

_______________________________________________________________

**2.8.** Waar is die **visnet** op die prent? **(1)**

_______________________________________________________________

**2.9.** Wat gaan **mamma** hen bak? **(1)**

_______________________________________________________________

**2.10.** Is die diere in die prent **gelukkig** of **ongelukkig?** Gee 'n rede vir jou antwoord. **(1)**

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

**Totaal Vraag 2 [10]**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**Vraag 3: Opsomming** **[5]**

Rangskik die volgende sinne in die **regte volgorde**. Skryf die letter wat pas, langs die nommer neer.

A. Aan die einde was almal gelukkig omdat niemand beseer was nie. (1)
B. Daar gebeur 'n ongeluk omdat die groen trekker se remme nie werk nie. (1)
C. Die trekker loop oor die kos tot waar dit in die dam stop. (1)
D. Die gesin hou piekniek met lekker kos. (1)
E. In die begin lees ons van die Khumalo-gesin wat op 'n plaas woon. (1)

| 3.1. | 3.2. | 3.3. | 3.4. | 3.5. |
|---|---|---|---|---|

**Totaal Vraag 3 [5]**

**Vraag 4: Taal in konteks** **[10]**

**4.1.** Omkring die korrekte **sinoniem** vir **kyk**. **(1)**

| sien | hoor | lag |
|---|---|---|

**4.2.** Omkring die korrekte **antoniem** vir **vinnig.** **(1)**

| loop | stadig | spoed |
|---|---|---|

**4.3.** Gee die **meervoud** vir **hok**. **(1)**

Een hok, baie ________________.

**4.4.** Omkring die **korrekte homofoon** in die sin. **(1)**

Daar is ( vier / vuur ) gesinne in die Khumalo storie.

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**4.5.** Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin. **(1)**

Mev. Khumalo bak die brood.

**4.6.** Omkring die regte betekenis vir die **idioom:** **(1)**

**Sy oë is groter as sy maag.**

A) Hy is baie honger.

B) Hy het meer ingeskep as wat hy kan eet.

C) Hy het baie groot oë.

**4.7.** Omkring die regte **sinsoort** vir die sin. **(1)**

"Help my, stop daai trekker!" skree Mnr. Khumalo.

A) Bevelsin B) Vraagsin C) Stelsin D) Uitroepsin

**4.8.** Skryf die sin oor met die regte **hoofletter**. **(1)**

sipho is die seun op die plaas.

______________________________________________________________

**4.9.** Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. **(1)**

ongeluk = ________________________________

**4.10.** **Verbind** die volgende twee sinne met die woord tussen hakies. **(1)**

Die Khumalo-gesin woon op 'n plaas. Hulle het beeste. (**want**)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**Totaal Vraag 4 [10]**

**Groot total [40]**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**Graad 4 Afrikaans Addisioneel November Toets 2022**

**Formele Assessering**

(Vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: ___________________________________________ Klas: 4 ___________

Vraag 1:

| Vraag nommer | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder Punte | | | | | | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

Vraag 2:

| Vraag nommer | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punte | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

Vraag 3:

| Vraag nommer | 3 |
|---|---|
| Moontlike punt | 5 |
| Leerder punt | |

Vraag 4:

| Vraag nommer | 4.1 | 4.2 | 4.3 | 4.4 | 4.5 | 4.6 | 4.7 | 4.8 | 4.9 | 4.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punte | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS